Abra-Kedabra
Crèche
Waar drome en verbeelding begin

OUER HANDLEIDING
2024

Tel: 0219196516
Sel: 0764939001
hoof@abrakedabra.co.za
info@abrakedabra.co.za

Skool heropen Woensdag 3 Januarie 2024 om 07:00

Liewe ouer / voog

Welkom by Abra-Kedabra Crèche, waar ons beroep Opvoedkunde is en kinders ons passie. Desember 2022 het ons deel geraak van die MOS Inisiatief. Die MOS Inisiatief verwys na Moedertaal in Onafhanklike Skole en ons is opgewonde om die eerste crèche in die Kaap te wees wat deel is van hierdie Organisasie. Die MOS Inisiatief se kernwaardes is: Ubuntu, omarm die toekoms en lewenslange leer.

By Abra-Kedabra weet ons dat ouerskap en die opvoeding van jou kind uitdagend is. Ouers wil op alle terreine die beste vir hul kinders hê, daarom skep ons 'n ruimte waar hierdie behoefte bevredig word.

Ons besef hoe belangrik die regte grondslag vir 'n kind is. Ons leuse is dus: "Waar drome en verbeelding begin". Elke kind het die reg om te droom, te speel en te leer.

Ons bied:

- Gekwalifiseerde Opvoeders en ondersteuningspersoneel met 'n liefde vir kinders.
- 'n Veilige en stimulerende ruimte waar jou kind intellektueel, sosiaal en emosioneel optimaal sal ontwikkel.
- 'n Geregistreerde Graad R klas wat volkome geïntegreer is by die Departement van Basiese Onderwys.

ALGEMENE INLIGTING EN REËLS

Hierdie inligting moet deur ouers gelees word voordat u kind die eerste dag toegelaat word. Enige onduidelikheid moet vooraf met die bestuur bespreek word.

1. Ure: 7h00 – 17h45. Ouers vergesel hul kinders na die klas – dit bied geleentheid vir interaksie met die Opvoeder. Ontbyt is om 8h00. Reël asseblief vooraf met die kantoor indien pap gehou moet word – geen ontbyt na 8h30.

2. Fooie is vooruitbetaalbaar voor of op die derde werksdag van elke maand vir 12 maande van die jaar (ingesluitend u eie vakansie). Agterstallige fooie kan lei tot die opskorting van diens en regsaksie.

3. U moet asseblief 'n maand vooraf geskrewe kennis gee indien u nie meer van ons dienste gebruik gaan maak nie.

4. Ons waardeer dit indien die ouers vir ons inlig indien u kind afwesig is – vir watter rede ookal.

5. SIEK KINDERS: Geen kinders met aansteeklike siektes/toestande mag die crèche bywoon nie. Indien 'n aansteeklike siekte vermoed word, vereis ons 'n mediese sertifikaat vanaf 'n geneesheer. Die skool hou geen medikasie op die perseel nie. Alle medikasie word deur die ouer verskaf.

6. Alle medikasie moet asseblief daagliks in die medisyneboek in die voorportaal geskryf en in die medisynetrollie gelaat word. Die veilige bewaring en toediening van medisyne sal deur Elsie Kock (Verpleegsorg) of 'n opgeleide aflos gedoen word. Geen medikasie sal toegedien word sonder geskrewe instruksies nie.

7. **GEEN ANTIBIOTIKA** sal meer by die skool toegedien word nie. Indien u kind op antibiotika is, hou hom/haar tuis om sodoende te rus totdat die kursus voltooi is.

8. Rapporteer asseblief enige verandering van persoonlike besonderhede.

9. OUERS MOET ASB TEN ALLE TYE DIE VEILIGHEIDSHEK TOEMAAK.

10. Die tema van ons opvoedkundige program verander weekliks. U sal elke week 'n briefie kry op ons kommunikasienetwerk met die volgende week se tema.

11. Ons webblad is www.abrakedabra.co.za. Ons het 'n WhatsApp-kommunikasiediens vir kennisgewings aan die ouers. Ons het ook 'n facebook-blad: https://www.facebook.com/abrakedabracreche.

12. Geen persoonlike speelgoed mag crèche toe kom nie.

13. Daar moet asseblief altyd 'n skoon stel klere in u kind se tas wees – ongeag die ouderdom van u kind. Meer as een stel klere word aanbeveel vir die kleintjies.

14. Indien iemand anders u kind by die crèche kom haal, moet ons asseblief vooraf in kennis gestel word.

15. GEEN KIND MAG LEKKERS CRÈCHE TOE BRING NIE.

16. Verjaardagpartytjies mag by die crèche gehou word, op voorwaarde dat dit vir al die kinders in die klas is. Geen individuele uitnodigings is dus nodig nie. Vooraf reëlings met die Opvoeder is noodsaaklik. Belangrik: GEEN STOKKIELEKKERS!!

17. MERK asb al u kind se besittings.

U gemoedsrus en u kind se geluk is altyd ons prioriteit. Niks mag ons ooit van hierdie taak weerhou nie. Oop en duidelike kommunikasie tussen ouers, personeel en die bestuur is die enigste manier om dit te verseker.

OPERASIONELE URE:

MAANDAG - VRYDAG
07:00 - 17:45
Kom haal asb u kind betyds. Baie van ons personeel maak gebruik van publieke vervoer.
Stel ons asb. in kennis indien u gaan laat wees.

LAAT FOOI:
Ouers sal R5.00 per minuut tot en met 18h00 en daarna R10.00 per minuut aan die personeellid aan diens moet betaal.

SKOOLFOOI 2024
Skoolfooie sal verhoog vanaf 1 Julie 2024
Maak asb seker dat u die **AK verwysingsnommer** gebruik elke maand wanneer skoolfooie betaal word.

Ouderdom	Fooi
Babas	**R3650**
Peuter 1 en 2	**R3200**
Kleuters (3-6 jaar)	**R3150**
Eenmalige Registrasie fooi	**R550**

ADDISIONELE KOSTES:

(Hierdie kostes moet apart van die skoolfonds betaal word)

Kaartfasiliteite is beskikbaar in die kantoor / kontant

Graad R pakket: R400

- Elke kind ontvang sy eie skryfbehoeftepakket.

Kindertuin bak en brou: R120 per jaar of R10 per maand
(Blou, Rooi, Groen en Geel klas)

- Daar word elke maand bak en brou gedoen op die laaste Vrydag van die maand.

GRAAD R:

- Met u kind se Graad R jaar word daar meer gefokus op die formele kant van onderrig - dus is u samewerking van kardinale belang.
- Klasse begin om 08:00 en ons vra dat ouers dit sal respekteer en sorg dat hulle kinders voor 08:00 by die skool is.
- Dit is ook belangrik dat kinders so ver moontlik elke dag skool sal bywoon.
- Ons versoek dat dogtertjies se hare vasgemaak word.
- Stuur asb 'n ou t-hemp van mamma of pappa saam skool toe wat ons kan gebruik tydens verfaktiwiteite.

Kom gesels met my indien julle enige vrae het ten opsigte van jou kind se ontwikkeling. U is ook welkom om aan my 'n epos te stuur by bianca.pretorius@abrakedabra.co.za

RAPPORTE:

1. Graad R en Pre-Graad R ontvang elke kwartaal 'n rapport.
2. Die res van die skool sal Junie en Desember 'n rapport ontvang.
3. Die Opvoeder in samewerking met die kantoor, sal ouers kontak indien 'n kind se vordering bespreek moet word.

UITSTAPPIES:

1. Uitstappies sal gereël word deur die jaar vir spesifieke ouderdomme. U sal vroegtydig in daarvan in kennis gestel word.
2. Kostes vir uitstappies sal aan ouers gekommunikeer word.

BENODIGDHEDE VIR SKOOL:

BABAS: MERK ASB ALLES DUIDELIK

- Klein sak wat in die rak pas
- 2 waslappies
- 2 pakke wet wipes per maand
- 3-5 borslappies
- Kombersie volgens seisoen
- Standaard kussing
- 2 stelle skoon klere
- 2 gemerkte bottels
- 1 Milton elke 6 maande
- 1 fopspeen indien nodig
- Salf vir boudjies
- Plastiek sakkies vir nat/vuil klere
- Formule melk
- 5 weggooi doeke per dag (sit ekstra in sakkie) - geen "pull-ups"

PEUTER 1: MERK ASB. ALLES DUIDELIK

- Klein sak wat in die rak pas
- 2 pakke wet wipes per maand
- 3 borslappies (opsioneel)
- Kombersie volgens seisoen
- 2 stelle skoon klere
- 1 gemerkte bottel
- 1 tuitbekertjie
- 1 Milton elke 6 maande
- 1 fopspeen indien nodig
- Salf vir boudjies
- Plastiek sakkies vir nat/vuil klere
- Formule melk (indien nodig)
- 5 weggooi doeke per dag (sit extra in sakkie) - geen "pull-ups"
- 1 Piekniek kosblik vir die middag - geen lekkers

PEUTER 2: MERK ASB ALLES DUIDELIK

- 4 weggooi doeke per dag - geen "pull-ups"
- 3 onderbroekies / "panties"
- 3 stelle skoon klere
- 1 kombers volgens seisoen
- 1 pak wet wipes per maand
- 1 Piekniek kosblik vir die middag - geen lekkers

KLEUTERS (3-6 Jaar): MERK ASB ALLES DUIDELIK

- 1 Piekniek kosblik vir die middag - geen lekkers
- 1 kombers volgens seisoen
- 1 stel skoon klere
- Plastiek sakkie vir nat/vuil klere
- 1 pak wet wipes PER KWARTAAL
- 1 gevulde waterbottel

Mammas en pappas van ons kleuters…laat jou kind help om hulle sakkie te pak. Kom ons help leer hulle verantwoordelikheid.

KONSERT EN GRADEPLEGTIGHEID:

Ons jaarlikse konsert en gradeplegtigheid sal plaasvind
op 21 November 2024

Venue: Sal nader aan die tyd bevestig word

PUBLIEKE VAKANSIEDAE 2024	
21 Maart: Menseregte Dag	16/17 Jun: Jeugdag
29 Maart: Goeie Vrydag	9 Aug: Vroue Dag
1 April: Familiedag	24 Sept: Erfenisdag
27 April: Vryheidsdag	16 Des: Versoeningsdag
1 Mei: Werkersdag	20 Des: Abra-Kedabra Sluit

BUITEMUURSE AKTIWITEITE:

Buitemuurse aktiwiteite sal SLEGS plaasvind indien daar genoeg belangstelling is:

- Cool 2 feel (3 - 6 jaar) ***Dinsdae/Vrydae***
- Karate (3 - 6 jaar) ***Woensdae***
- Ballet (3 - 6 jaar) ***Donderdae***
- Gym-fants (3 - 6 jaar) ***Maandae***
- Click-a-mouse (3 - 6 jaar) ***Woensdae***
- Shift Netbal (3 - 6 jaar) ***Vrydae***
- Rugga Roots (3 - 6 jaar) ***Dinsdae***
- Kinderkinetika (babas - 6 jaar) ***Woensdae middae 15:00 - 16:00***
- Robotics (Slegs Pre-Gr R en Gr R) ***Dinsdae middae 15:00 - 16:00***

DEMONSTRASIE lesse vind plaas vanaf 22 Januarie 2024. Meer inligting oor elke buitemuurse aktiwiteit sal per WhatsApp uitgestuur word.

KINDERTUIN OUERVERGADERING:

Opvoeders: Rahzeema West, Mariska Wiese, Karen Barnard, Bianca Pretorius

Donderdag 25 Januarie 2024
18:30